**UNIE-BAKKERYE**

— Bakkers en Banketbakkers —

BROOD, KOEK EN PASTEITJIES vir alle geleenthede

★

Spesialiseer in TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE

Fabrieke te Potch. en Klerksdorp

die
# Wapad

Jaargang XVII — VRYDAG, 20 OKTOBER 1961 — Nr. 1

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H:O:

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie . . . spreek dan

**EDDIE de BEER**

DIAMANTSLYPER

vir u

V E R L O O F R I N G E

teen baie billike pryse U soek die diamant en ons set hom na u smaak

**BEL: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom OF E. J. de Beer: 869-1260, Alberton**

# Nas. Party Vierde Termyn Aan Bewind

## Ommeswaai Na N.P.

**MET DIE LAASTE uitslag teen Donderdagaand bekend, was die Nasionale Party onteenseglik aan bewind gestel vir die vierde agtereenvolgende termyn.**

Dit is die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika dat 'n party ononderbroke vir so 'n tydperk aan bewind bly.

In die verkiesingstryd het die Nasionale Party 105 setels ingepalm teenoor 49 van die V.P., een van die Nasionale Unie en een van die Progressiewe Party.

Twee grenssetels, Queenstown en Pretoria Sunnyside, is tot die Nasionale Party bygevoeg.

In alle kiesafdelings waar die N.P. kandidate gestel het, is die meerderhede van suksesvolle kandidate buitengewoon vergroot in vergelyking met die vorige Algemene Verkiesing.

Uit 'n totaal van 797,645 het die Nasionale Party 370,431 stemme op hom verenig teenoor die 302,875 van die V.P., 35,903 van die N.U.P. en 69,042 van die P.P.

Die ommeswaai na die Nasionale Party word bereken op 12 persent



*Die Eerste Minister, DR. H. F. VERWOERD*

in verhouding met die 1958-verkiesings.

**GRENSSETELS**

Die grenssetels Queenstown en Sunnyside wat vir die N.P. verower is, dui op die algemene neiging van die verkiesing. In 1958 moes die N.P. Queenstown aan die V.P. afstaan met 'n minderheid van 13 stemme. Toe die uitslag gister bekend gemaak is, het adv. J. J. Loots die V.P. met 369 stemme uitgestof.

In Sunnyside is 'n minderheid van 614 in 1958 omgeskep tot 'n meerderheid van 2,727. Die Republikeinse meerderheid van 1960 is met 677 vermeerder.

**MISLUKKING**

Die mislukking van die V.P.-N.U.P. samewerking is duidelik aan die kaak gestel. In kiesafdelings waar N.U.P.-kandidate gestel is, is swakker resultate behaal as met V.P.-kandidate in die vorige verkiesing. In Boksburg het die N.P. sy meerderheid meer as verdriedubbel.

Die lae stempersentasies in die stedelike V.P.-kiesafdelings dui ongetwyfeld op 'n kwynende belangstelling in die geledere van die V.P.

Die verwagting dat die Konserwatiewe Werkersparty in die kiesafdeling Langlaagte, 'n tipiese werkersklas-afdeling, sou slaag, is die nek ingeslaan. Die N.P.-meerderheid is opgeskuif van 1,444 tot 3,566.

**PROGRESSIEWES**

Hoewel die Progressiewe Party slegs Houghton kon verower, het hulle tog in drie Randse kiesafdelings en 'n paar Natalse kiesafdelings die V.P. opgedreun. In Orange Grove kon mnr. Etienne Malan met slegs 517 sy setel behou teenoor 'n meerderheid van 8,007 in 1958.

Die Progressiewe Party bied nou 'n toevlug vir die liberale element in die V.P.-geledere en die moontlikheid van verdere splitsing in die V.P. is nie uitgesluit nie.

## Redakteurs a.s. Jaar Byeen

*'n Konferensie van Afrikaanse Studentekoerantredakteurs sal aanstaande jaar in Potchefstroom gehou word, verklaar mnr. D. A. S. Herbst, Direkteur van rasse-aangeleenthede van A.S.B.-Hoofbestuur.*

*Die moontlikheid van die stigting van 'n Afrikaanse Studentepers-unie sal bespreek word.*

*Oorweging sal ook geskenk word aan die samestelling van 'n redaksie vir 'n binnelandse publikasie van die A.S.B.*

*Die direkteur van publikasies van die A.S.B., mnr. Ben du Toit van U.O.V.S., sal die konferensie bywoon.*

*Die konferensie sal geopen word deur 'n vooraanstaande persman.*

## P.U.-N.P. Se Bestuur

Op 'n vergadering van die Nasionale Party-tak aan die P.U. vir C.H.O. is die volgende persone verkies op die bestuur vir 1962:

Mnre. D. A. S. Herbst (voorsitter), R. J. P. du Plessis (ondervoorsitter), A. L. Coetzer (sekretaris), J. J. Venter en mej. H. F. van der Walt (add. lede).



*Dirk Herbst (rasse-aangeleenthede), Daan van der Merwe*
*Dirk Herbest (rasse-aangeleenthede), Daan van der Merwe (president), Peet Strydom (studie en navorsing), Piet Kapp (onder-president) en Koos de Wet (sekretaris).*
—(Fotokuns)

## A.S.B.-Hoofbestuur en Beleidsraad Beslis Oor Kongresopdragte

**DIE EERSTE VERGADERING van die nuwe hoofbestuur van die A.S.B. het plaasgevind op Vrydag, 13 Oktober aan die P.U. vir C.H.O. Met uitsondering van mnre. Tertius Delport en Paul de Beer was die vergadering voltallig.**

Gedurende die oggend het die hoofbestuur vergader om die notule van die afgelope kongres te bekragtig en aandag te skenk aan verskillende opdragte wat daaruit voortvloei.

Daar is besluit dat anders as in die verlede, referate tydens die Kongres vanjaar deur slegs die helfte van sentra gelewer sal word. Die sentra wat nie referate lewer nie, sal dan egter 'n bepaalde tema van 'n referaat bestudeer, om sodoende leiding in die bespreking op die kongres te gee.

Op hierdie wyse wil die Hoofbestuur poog om referate en die bespreking daarvan behoorlik tot hulle reg te laat kom.

Takverslae sal in die toekoms nie tydens die kongres gelewer word nie maar voor die kongres aan alle takke gesirkuleer word sodat net bespreking en vrae oor verslae op die kongres sal plaasvind.

**KONGRES**

Die kongres, wat aanstaande jaar in Stellenbosch plaasvind, sal van Maandag tot Vrydag duur. Die Hoofbestuur en Beleidsraad sal op die voorafgaande Vrydag en Saterdag vergader. Op hierdie wyse sal daar meer tyd vir die kongres wees.

Pogings word ook in die werk gestel om die kongres gedurende die eerste week van die wintervakansie te laat plaasvind. Na verwagting sal die kongres op 29 Junie volgende jaar begin.

Die Hoofbestuur het ook besluit om voort te gaan met die publikasie van die kwartaalblad „Student's Quarterly" met die oog op verspreiding daarvan in die buiteland. Die volgende uitgawe sal waarskynlik vroeg in November die lig sien.

**BELEIDSRAAD**

Op die vergadering van die Beleidsraad, die Vrydagmiddag, is die nuutgeformuleerde kontakbeleid van die A.S.B. deur die Direkteur van Studie en Navorsing, mnr. P. D. F. Strydom, uiteengesit

Die President van die A.S.B., mnr. H. D K van der Merwe, het op die vergadering 'n dringende beroep gedoen op sentra, om die Kunsfees en Fakulteitskonferensie, tydens die kongres, met volle krag te ondersteun. Hy het gevra dat sentra by die beplanning van hul wintertoere, nou reeds voorsiening maak vir die A.S.B.-kunsfees.

**TEMA**

„Die Mens" sal die sentrale tema op die Fakulteitskonferensie wees. Daar sal dan nege referate rondom hierdie sentrale tema gelewer word.

Die tema van die kongres is nog nie finaal bepaal nie maar na verwagting sal dit betrekking hê op die posisie van die Afrikanerstudent in die huidige tydsgewrig.

## Bouplanne Vorder Nog Steeds -- Koshuis Vergroot

DIE BOUPLANNE van die Universiteit vorder nog steeds en ten spyte van die feit dat daar op die oomblik reuse boubedrywighede op die campus onderneem word, word verdere uitbreiding beoog.

Daar bestaan 'n ernstige behoefte aan losies vir dames. Uitbreidings aan Klawerhof sal uiteindelik vir 'n verdere 150 dames voorsiening maak, hoewel voorlopig slegs vir 78 beplan word.

Dames sal ook aanstaande jaar in die huidige Cachethuis en die ou Teologiese skoolsaal gehuisves word.

**NUWE KURSUS**

Die oprigting van 'n Farmasielaboratorium word beplan, terwyl uitbreidings aan die Skeikundelaboratorium ook noodsaaklik geword het deur die instelling van die nuwe kursus in Industriële Chemie. Hierdie kursus sal vanaf 1963 aangebied word en sal oor 'n tydperk van vier jaar strek.

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte wat tot dusver in die Hoofgebou gehuisves was, beloof om tot sy reg te kom in die Frans du Toit-gedenkgebou wat langs die biblioteek opgerig sal word.

# Voltydse Organiseerder Deur Studenteraad Aangestel

MNR. N. J. SWART, penningmeester van die Studenteraad, is op die jongste Studenteraadsvergadering aangewys as voltydse administratiewe beampte van die Studenteraad.

Die pos van deeltydse organiseerder is hiermee omskep tot 'n voltydse betrekking.

Dit het die afgelope jare duidelik geblyk dat die organiseerder in deeltydse hoedanigheid vir die Studenteraad en die onderliggame van geen waarde kan wees nie.

**VERLIG**

As voltydse amptenaar sal die organiseerder nou al die organisatoriese pligte van die Studenteraad en die onderliggame tot 'n groot mate verlig en in sommige gevalle geheel oorneem.

Alle drukwerk, uitgesonderd Die Besembos, Die Pukkie en Die Wapad, sal deur hom behartig word. Insameling van advertensies vir bogenoemde publikasies word egter aan die organiseerder opgedra.

Reëlings i.v.m. sporttoernooie, ligawedstryde en toere deur Thalia en Alabama berus volledig by die organiseerder.

Die eiendom van sportklubs en besture asook die vervoermiddels van die Studenteraad word voortaan deur hom versorg en in stand gehou.

Hierdeur sal tydrowende administratiewe pligte dus van die skouers van besture geneem word.

**MANK**

Die onderliggame van die Studenteraad het in die verlede mank gegaan aan die oorbodige tydsverspilling wat deur die algemene werksaamhede in die hand gewerk is. Veel meer tyd sal nou bestee kan word aan werklike konsensieuse sake.

Die jaarlikse wisseling van besture word nou oorbrug deurdat 'n groot mate van kontinuïteit in die persoon



*MNR. N. J. SWART,*
van die organiseerder verseker word —iets wat alleen tot voordeel kan strek van die studentelewe.

## Wapad In 1962 Gratis

*Die Raad het op sy jongste vergadering besluit om die klasgelde van alle studente van 1962 te verhoog met R2.*

*Hiervan word 'n bedrag van R1.50 per student jaarliks aan die Studenteraad betaal. Die doel is om alle publikasies gratis aan studente te verskaf.*

*Dit bring dus mee dat Die Wapad, Die Besembos en Die Pukkie vanaf 1962 gratis aan alle ingeskrewe studente beskikbaar gestel sal word.*

*Besonderhede ten opsigte van die verspreiding van Die Wapad sal later bekend gemaak word.*

# Nasionale Universiteite

**TEN SLOTTE iets oor die onderhewige posisie in Suid-Afrika. Of daar afsonderlike, d.w.s. nasionale universiteite vir die nie-blankes, en by name die Bantoes moet bestaan, hang af van die opvatting of die blankes en Bantoes as twee afsonderlike nasionale eenhede beskou word.**

Beskou ons hulle as afsonderlike entiteite, is die antwoord duidelik. Myns insiens is die grondprobleem agter die agitasie teen Bantoe-univer-

**Laaste aflewering in die reeks deur prof. J. H. Coetzee.**

siteite nie die ontkenning van die bestaansreg van nasionale universiteite nie, maar die ontkenning van die bestaan van onderskeie nasionale eenhede in Suid-Afrika.

**ONGELUKKE**

Bykomend daarby is dan die verbod op bywoning van blanke universitetie vir Bantoes (met uitsonderinge) en van Bantoe-universiteite vir blankes. Hierdie reëlings was m.i. ongelukkig veral deur sy koppeling aan die positiewe stap tot stigting van sentra wat die akademiese kern moes vorm vir die wordende Bantoevolke.

Ewe ongelukkig was ook die eerste benamings (Wet op Afsonderlike Universiteite) en baie van die motiveringe, veral in die Parlement. Hierdie stap is in baie opsigte die resultaat van buitengewone omstandighede en 'n mens kan alleen hoop dat 'n „normale" toestand mag aanbreek waarin 'n wetlike beperking van die aard nie meer nodig sal wees nie.

**SOSIALE SITUASIE**

Oor die „buitengewone" omstandighede net dit: hier het ons weer te doen met die sosiale situasie met sy uiterste gevoeligheid vir kleur. Aan die kant van die nog-ope blanke universiteite moet genoem word die praktyk dat nie-blanke studente eintlik nooit toegelaat is om studente in die volle sin van die woord te wees nie.

Akademies was hulle wel studente, maar sosiaal nie, sodat van die veelgeroemde begrip van **universitas** in oorspronklike en omvattende betekenis ook nie veel tereg gekom het nie.

Daarteenoor kan wel met reg geargumenteer word dat, as die nie-blanke student daarmee genoeë neem of selfs onder stille protes die omstandighede aanvaar het, dit nie nodig was om nou alle bywoning per wetgewing te belet nie.

**SABOTEER**

Andersyds lê die saak so dat met die sterk politieke oriëntasie van die saak selfs die positiewe aspekte — die oprigting van Bantoekolleges en hulle uitbouing — gesaboteer, en hoogswaarskynlik sou word, sodat dié drastiesnegatiewe maatreëls noodsaaklik was om die positiewe komponent te laat slaag.

**Of 'n ander, minder aanvegbare weg nie moontlik was nie, wil ek nie hier beredeneer nie.**

Die hele aangeleentheid wat afsonderlike universiteite vir Bantoes betref en die dringende noodsaaklikheid vir die stigting en bestaan van sulke instellings kan op geen grond betwis word nie.

**EIE TRADISIE**

Wat die „buitengewone" wetlike verbod op „inter-nasionale" bywoning van die universiteite in S.A. betref, kan alleen die hoop uitgespreek word dat namate die nuwe kolleges hulle bestaansreg bewys, 'n eie tradisie opbou, ook in die hart van die Bantoe gevestig raak en tot volwaardige akademiese inrigtings uitgebou word die normale verhoudinge, soos tussen die Engelse en die Afrikaanse universiteite en soos Suid-Afrikaanse en oorsese inrigtings bestaan, aangeknoop sal kan word.

● Al wat dan nog sal ontbreek, sal 'n inrigting vir Bantoes soortgelyk aan die P.U. vir C.H.O. wees. Dit is eintlik vanselfsprekend dat so 'n akademie van die Bantoes en vir Afrika van dringende noodsaak is en dat dit in 'n besondere verhouding tot ons Alma Mater sal moet staan!

# TIFOON NANCY KEER WETENSKAPLIKES VAS

PROF. DR. P. H. STOKER, hoof van die Departement Fisika, het onlangs teruggekeer nadat hy aan die Universiteit van Kyoto 'n internasionale konferensie oor koskosmiese strale en aardstorms bygewoon het.

Op sy reis na Japan het die sonderlinge gebeurtenis prof. Stoker tebeurt geval dat hy in Indië 15 roepees aan hondebelasting moes betaal. Geen burger van enige ander land hoef dit te doen nie behalwe die S.A. burger.

Prof. Stoker het verklaar dat die verhouding tussen die Wetenskaplikes van Suid-Afrika en die van Indië baie goed is. Hulle verstaan ons rasseprobleem heeltemal maar van staatsweë is dit egter 'n perd van 'n ander kleur. Hy het gesê dat dit moeiliker is om aan die Amerikaner te verduidelik dat hier by ons iets soos apartheid moet wees.

**TIFOON NANCY**

Prof. Stoker is ook vasgevang in die tifoon Nancy wat Japan geteister het. Daar is vir die afgevaardigdes na die konferensie 'n toer gereël na 'n seldsame deel waar die gewone toeris nie kan kom nie. Die tyding het gekom dat die tifoon in daardie rigting beweeg en die toer moes gekanselleer word.

„Voor die tifoon word daar voorbereidings getref soos voor 'n lugaanval—almal soek skuiling," was prof. Stoker se verklaring. Om te verhoed dat voorwerpe wat deur die lug trek die vensters beskadig, word alle vensters toegespyker. Alle besighede word gesluit. Fabrieke is gesluit want alle kragsentrales in die gebied is beskadig. Later is alle watertoevoer ook afgesny.

**VASGEKEER**

'n Paar Russiese wetenskaplikes het probeer vlug maar het nie ver gevorder nie aangesien die elektriese trein waarin hul gereis het ook tot stilstand gekom het. Hulle is 12 uur lank in die trein vasgekeer.

Prof. Stoker het verklaar dat dit sy persoonlike mening is dat kernontploffings en die tifoon geen verband met mekaar het nie. Hy het gesê dat dit verbasend is hoeveel energie die tifoon besit en dat 'n atoombom maar 'n klein hoeveelheid energie in vergelyking met die tifoon het.

Die tifoon het honderde myle ver ontstaan van die plek waar toetse uitgevoer is, en die atoombomme waarmee toetse uitgevoer word, het nie die energie om sy uitwerking so ver waarneembaar te maak nie.

„Soos 'n vulkaniese uitbarsting 'n natuurverskynsel is, so is die tifoon bloot 'n natuurverskynsel," het prof. Stoker gesê.

Musiek is die moedertaal van die hart.—ERNST HOHENEMSER.

* * *

Moenie 'n gesprek afluister nie, want die mense kan dalk van jou praat.—SPREEKWOORD.

* * *

Jakkalse moet met jakkalse gevang word.—SPREEKWOORD.

* * *

# Voorsitter van S.V.K.

Mnr. C. J. H. (Cassie) van der Walt is deur die Studenteraad aangewys as voorsitter van die Sentrale Vreugdedagkomitee van 1962.

Mnr. Van der Walt is 'n veteraan op dié gebied. In 1960 het hy op die Vreugdedagkomitee gedien as onder-voorsitter en hom onderskei as knap organiseerder.

Vanjaar was die Vreugdedagviering onder sy bekwame leiding uiters suksesvol. (Sien ook berig elders in hierdie uitgawe.)

# RADIOGRAM VIR KAFETERIA

Die nuwe radiogram wat tans in die kafeteria pryk en beloof om nog ure van genotvolle musiek aan een en almal te bied, is deur die Studenteraad aangekoop nadat die Vreugdedagkomitee 'n bedrag daarvoor uit die opbrengste van vanjaar bewillig het.

Op die oomblik is nog slegs die radio-gedeelte in werking terwyl die kafeteriakomitee van die Studenteraad besig is aan die opstel van 'n reglement vir die gebruik van die platespeler.


**Trap vas met Dixi . . .**

**Dixi-Cola**

**Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.**

SHERR & SHAKINOVSKY

FOON 16 en 1144 POSBUS 134



**Dames!**

**PROTEA APTEEK**

*Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:*

★ HELENA RUBENSTEIN
★ Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86


# Huiskomitees Verkies -- Alta de Kock Hoofdame

MET DIE ONLANGSE verkiesingstryd in die dameskoshuise, is mej. Alta de Kock verkies as hoofdame vir 1962. As onderhoofdames is verkies mejj. Erina van der Walt en Lydia Strydom.

Alta het reeds haar spore volgestaan in die studentelewe. In haar



*LYDIA STRYDOM*

eerstejaar was sy houer van die Suid-Afrikaanse junior rekord in die skyfwerp terwyl sy vanjaar kapteine van die tennisklub en die tafeltennisklub was. Aan die einde van 1960 is die Corrie van Rooy-wisseltrofee aan haar toegeken.

Ander lede van die huiskomitee is: mejj. A. Kuit, M. Bingle, M. Roets, H. Booysen, M. Conradie, D. Venter, E. Venter, H. Oosthuizen, A. Rossouw, H. le Roux, B. Geertsema, I. Rumpff, en S. van der Walt.

**KOMPLEKS**

In die verkiesing op 12 Oktober is verkies mnre. Cassie Venter, Frans de Bruyn en Jan Ras.

Slegs een nuwe verteenwoordiger is in Dawie Dup gekies. Mnr. Piet Bingle vul die plek van mnr. P. R. P. Potgieter wat die Puk aan die einde van die jaar verlaat. Die ander lede is mnre. Piet Steinberg (voors.), D. A. S. Herbst en J. H. Boneschans.

# Kloof Tussen Studente En Werkende Jeug

„'N PLAN MOET GEMAAK word om die kloof wat daar tussen die studerende en nie-studerende jeug bestaan, te oorbrug." Hierdie woorde is uitgespreek deur dr. J. A. L. Taljaard, voorsitter van die Potchefstroomse Kultuurraad, in 'n onderhoud met ons verslaggewer.

Die woord intellektualis word vandag byna as skeldnaam gebruik. 'n



*DR. J. A. L. TALJAARD, voorsitter van die Kultuurraad.* —(Beyers Claassen)

Al groter wordende kloof is besig om te vorm tussen die studerende en werkende jeug. Dit hou 'n verdeling van die volk in die toekoms in en is 'n wesenlike gevaar vir die voortbestaan van ons volkslewe.

**KONTAK**

Kontak moet tussen die twee groepe gemaak word en nadat 'n kontakpunt gevind is, moet daar 'n lewende bouwerk wees. Daar moet eenheid wees onder die jeug. Verdeeldheid kan niks goeds bring nie.

Aan ons as Afrikaners is 'n taak opgedra om hierdie kloof te oorbrug. Die studerende en werkende jeuggroepe moet 'n eenheid vorm, die kultuurpatroon van die toekoms.

Die Kultuurraad van Potchefstroom het hierdie probleem op hulle skouers geneem en is van plan om die twee groepe nader aan mekaar te bring.

**AMFITEATER**

Die bou van 'n amfiteater word in die vooruitsig gestel waar volksfeeste gehou sal word asook byeenkomste van die studerende en niestuderende jeug.

Puik werk is reeds die Kultuurraad gedoen. Daarvan getuig die groot skare wat die Heldedagviering bygewoon het.

## Proff. in Wildtuin

Prof. P. J. Hamersma en prof. A. P. Goossens, albei verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit, het hierdie week teruggekeer uit die Krugerwildtuin, waar hulle die opening van die Stevenson Hamilton-Gedenkbiblioteek bygewoon het.

Prof. Goossens het die opening bygewoon in sy hoedanigheid as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad vir Fauna en Flora.

## SAKBOEKIE IN 1962

*'n Sakboekie, soortgelyk aan dié wat vanjaar verskyn het, sal weer in 1962 deur die Studenteraad te koop aangebied word.*

*Die onderneming wat vanjaar 'n proeftydperk deurgegaan het, het algemene byval onder die studente gevind. Van die oplaag wat gedruk is, is die grootste gedeelte verkoop.*

*Die Studenteraad het dit aan die Lid vir publikasies, mnr. D. A. S. Herbst, opgedra om die sakboekie vir 1962 te laat druk.*

*Mnr. Herbst verklaar dat sakboekies vroeg aanstaande jaar in die kafeteria verkry sal kan word.*

# Dirk Herbst Roep Wapad Vaarwel Toe

MNR. D. A. S. Herbst, hoofredakteur van Die Wapad gedurende 1961, het na 'n tydperk van twee jaar die redakteurskap neergelê.

In 1959 het mnr. Herbst saam met die destydse hoofredakteur, mnr. Nesco du Toit, Die Wapad in 'n nuwe rigting gelei. Vanaf 1960 dien mnr. Herbst ononderbroke as hoofredakteur van die blad.

**YWER**

Die merkwaardige vooruitgang van Die Wapad getuig van die bekwame leiding van mnr. Herbst en die besondere ywer waarmee hy hom gewy het aan die taak hom opgelê.

Dat Die Wapad uiteindelik op vaste fondament geplaas is en tans fungeer as ware studentekoerant op die basis van 'n dagblad, is te danke aan die intensiewe reorganisasie van mnr. Herbst.

Op inter-universitêre studentefront het mnr. Herbst reeds 'n groot bydrae gelewer. Tans dien hy as verteenwoordiger van die A.S.B. op die Studenteraad.

**A.S.P.U.**

Tydens die konferensie van Suid-Afrikaanse Studentekoerantredakteurs



*MNR. D. A. S. HERBST*

het mnr. Herbst Die Wapad verteenwoordig. Met die totstandkoming van S.A.U.P.A. aldaar het Die Wapad en ander Afrikaanse Studentekoerante onttrek en die moontlikheid van 'n eie Studentepersunie oorweeg.

As direkteur van rasse-aangeleenthede van die Hoofbestuur van die A.S.B. is mnr. Herbst belas met die reëlings van die konferensie van Afrikaanse Studentekoerantredakteurs wat aanstaande jaar in Potchefstroom sal plaasvind.

● Die redaksie van Die Wapad en die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. betuig aan mnr. Herbst dank vir dit wat deur hom tot stand gebring is.

# Ontspanningsaal Nou Weer In Sig

GEDURENDE 1962 sal daadwerklike pogings aangewend word om die daarstelling van 'n ontspanningsaal moontlik te maak.

Mnr. N. J. Swart, administratiewe beampte van die Studenteraad, en die voorsitter van die Sentrale Vreugdedagkomitee, mnr. C. J. H. van der Walt, gaan gedurende Januarie 1962 'n veldtog loods om fondse in te samel vir die bou van 'n ontspanningsaal.

„Ondersteuners van die Universiteit dwarsdeur die land sal genader word vir bydraes," verklaar mnr. Swart. Sakeondernemings sal ook gevra word om vir hierdie doel by te dra.

**IDEAAL**

Die ideaal van 'n ontspanningsaal vir die studentegemeenskap dateer uit die bewind van mnr. Tjaart van der Walt, voorsitter van die Studenteraad van 1956 tot 1957. Die destydse Studenteraad het dan ook 'n fonds uitsluitlik vir hierdie doel gestig.

Aan die einde van 1960 is die bedrag wat deur die jare ingesamel is, gebruik om die bus en 'n combi aan te koop. Die vervoerprobleme was van so 'n aard dat daaraan voorkeur verleen moes word.

Dit lê dus voor die hand dat daar nou weer daadwerklik gepoog moet word om die lang gekoesterde ideaal van 'n eie ontspanningsaal te verwesenlik.

Hoewel elkeen graag sou wou sien dat die saal gedurende sy of haar verblyf aan die P.U. vir C.H.O. opgerig sal word, sal dit sekerlik niks baat as almal van die standpunt uitgaan dat ons maar passief kan toekyk, want „dit sal tog nooit in ons tyd gebeur nie."

**VOLLE GEWIG**

Juis nou word dit van elke student van die P.U. verlang om volle gewig by hierdie onderneming in te gooi.

● Die vakansie is lank genoeg om aan elkeen die geleentheid te bied om selfstandig, in die jaar van selfwerksaamheid, die skouer aan die wiel te sit.

**ONDERSTEUN STAATMAKERS!**

APTEKERS

**J. P. VAN DER WALT**

**(EDMS.) BPK.**

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

**Kerkstraat 118 POTCHEFSTROOM Telefoon 929**

# Dr. Jan Steyn Onbestrede Potch se L.V.

DIE PAS AFGELOPE verkiesingstryd het vir die inwoners van Potchefstroom geen verrassing ingehou nie deurdat die Nasionale Party-kandidaat, dr. Jan Steyn, die kiesafdeling onbestrede verower het en nou vir die vierde agtereenvolgende termyn Potchefstroom in die Volksraad sal verteenwoordig.

Dr. Steyn stam uit 'n familie wat geslagte lank openbare diens gelewer het. Hy het sy B.A.-graad met eersteklas in ekonomie verwerf en die graad D.Phil. (cum laude) in ekonomie en staatsleer aan die Hei-



*DR. J. H. STEYN*

delbergse Universiteit in Duitsland.

Tydens die gradeplegtigheid op 28 April vanjaar, het die P.U. vir C.H.O. hulde aan dr. Steyn gebring deur die toekenning van 'n eerdoktorsgraad in die Ekonomiese Wetenskappe.

As eerste hoof van die Staatsinligtingsdiens het dr. Steyn terselfdertyd gedien in die Verdedigingsmag waar hy tot die rang van majoor gevorder het. Hierdie betrekkinge het hy albei neergelê aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog omdat hy nie genl. Smuts se oorlogsbeleid kon ondersteun nie. Daarna was hy private sekretaris van genl. J. B. M. Hertzog tot en met dié se dood.

**STIGTER**

In 1948 het dr. Steyn die kiesafdeling Potchefstroom as lid van die Afrikaner Party, waarvan hy 'n mede-stigter was, van die Verenigde Party verower. Sedertdien verteenwoordig hy nog onafgebroke die kiesafdeling in die Volksraad.

Gedurende die pas afgelope sitting, het dr. Steyn aktief meegewerk aan die opstel van die Republiek se grondwet.

Hoe deeglik dr. Steyn die belange van Potchefstroom behartig het, blyk uit die volgende: na die vernietigende biblioteekbrand van 1949 het hy buitengewone geldelike hulp verkry vir heropbou van die biblioteek. As verteenwoordiger van die Minister het hy dan ook die Ferdinand Postma-biblioteek, geopen.

Van die Departement Landbou het hy die perseel vir die Abraham Kriel-kindertehuis verkry, terwyl nuwe geboue by die Landboukollege en uitbreidings by Witrand deur sy toedoen opgerig is.

**ONUITWISBAAR**

In die annale van die P.U. vir C.H.O. sal dr. Steyn 'n onuitwisbare plek bly inneem. Met die selfstandigwording van die Universiteit het dr. Steyn die Private Wetsontwerp ingedien. Sy pleidooi was só oortuigend en onweerlegbaar dat die Private Wet van die P.U. vir C.H.O. klousule 31 (1) bevat waarin die Christelike historiese karakter van die universiteit gehandhaaf word.

In die algemene belang van Potchefstroom en sy distrik is die Boskop-dam-besproeiingskema voltooi, terwyl 'n moderne telefoonsentrale, waarvoor hy hom reeds lank beywer, goedgekeur is en eersdaags opgerig sal word.

Sedert 1948 het dr. J. H. Steyn Potchefstroom bekwaam, getrou en met waardigheid gedien. Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. betuig hulle gelukwense en volmondige ondersteuning aan dr. Steyn.

● Laat ons aan diegene wat die Republiek vir ons help verkry het, ook die geleentheid gee om dit te vestig en te ontplooi.

**Sterkte!**



**Lion Export Ale**

VZ006124/2

**Ingeskrewe Ouditeursklerke**

Pretoriase firma van ouditeure het openings vir persone wat hulle graag wil laat oplei as geöktrooieerde rekenmeesters en ouditeure.

Doen skriftelik aansoek by: POSBUS 738, PRETORIA.

U VOLGENDE HAARSNY:

Kom na

**POTCH. HAARKAPPERS**

(Langs President Teater)

Kerkstraat 104

**HEIDEMA**

DIE ADRES VIR:

FIETSE
TIKMASJIENE
BROMFIETSE

Kerkstraat 48 Telefoon 364
POTCHEFSTROOM

*Studente!*

Besigheid of FLIEK in die dorp

STOOR JULLE FIETSE TEEN 2½c PER DAG

EN KOOP SNOEPERYE BY

**Annellas Restaurant**

Kerkstraat 85 Potchefstroom

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS

(EDMS.) BPK.

Vir Vinnige en Deeglike Diens

Tomstraat 90 Telefoon 2237

die Wapad

Vrydag, 20 Oktober 1961

# Liefde vir S.A.

OP die vooraand van die pas afgelope Algemene Verkiesing het 'n Engelse dagblad sy leserspubliek probeer oortuig dat uit liefde vir Suid-Afrika dit elke kieser se taak is om vir 'n opposisie-party te stem: watter opposisie-party dit is, kom nie daarop aan nie.

So 'n stap sou dan 'n sprekende bewys wees van „the common sense, honour and compassion that . . . still resides in all of us." Elke stem wat teen die Nasionale Party en vir 'n Opposisie Party uitgebring word, sou meehelp aan 'n ommeswaai van Nasionaal na Opposisie, stagnasie na vooruitgang.

Vir die buitewêreld sou so 'n ommeswaai van uiters groot betekenis wees. Hulle sal dán sien dat die mense in Suid-Afrika tóg gewetens het. Dan sal hulle ook tweekeer dink voordat hulle Suid-Afrika uit die V.V.O. verban, boikot of glad heeltemal verlaat.

Dit is verrassend om die Engelse pers te hoor praat van „liefde vir Suid-Afrika". Is dit liefde vir Suid-Afrika wat hulle noop om verdraaide wanvoorstellings van die Regeringsbeleid aan die buitewêreld voor te hou, om elke moontlike geskilpunt uit te buit vir politieke gewin?

Die uitslag van die Algemene Verkiesing lewer die antwoord op die dringende beroep van die Engelse pers. Dit word immers bevestig in die twaalf persent vermeerdering van die Nasionale Partystemme ten opsigte van die vorige verkiesing.

Aan die buitewêreld het Suid-Afrika, eendragtiger as ooit tevore, verklaar dat hy hom skaar by die Nasionale Party en sy beleid van afsonderlike ontwikkeling steun. Daarmee is beslis wat die toekoms van Suid-Afrika en die suidelike deel van Afrika sal wees.

In die afgelope tyd het die Weste genoeg stof tot nadenke gehad. President Kennedy is besig om tot nuwe insigte aangaande die swart state van Afrika te kom. Ook Brittanje word deur die optrede van Ghana gedwing om beter en dieper te besin en die waarde van 'n blanke staat in Afrika te besef.

Realisme in die Weste se beleid moet die oë open vir 'n staat wat as ligpunt na vore tree uit 'n kontinent wat nog net hoofbrekens meegebring het. 'n Staat wat homself kan handhaaf.

Liefde vir Suid-Afrika eis veel meer as maar net 'n goeie front aan die buitewêreld voor te hou.

# In U Lig

**Lees Rigters 5: Die lofsang van Debora.**

Mens dink met trots terug aan die heldegalery van jou volk: manne wat deur die verwarrende newels van kontemporêre gebeurtenisse heen die regte koers kon sien; wat in tye van magteloosheid met buitengewone krag andere kon lei oor onoorkomelike struikelblokke heen. Pasop, dat dit nie onopgemerk by u verbygaan dat u in 'n tyd lewe waaroor geskryf staan: **Dringend benodig: helde!** Hierdie helde sal nie uit die lug val nie. Hulle moet uit die geledere voortkom waartussen u staan.

Laat ons daarom vir 'n oomblik aandag gee aan een van die groot heldinne uit die O.T.—Jael:

### SITUASIE

Sy leef in die uur van verdrukking wat haar volk verduur van die hand van die heidenkoning Jabin en sy leërowerste Sisera. Die volk van die Here is magteloos om die verdrukkers se juk af te werp. Vele stap oor na die kant van die vyand. Selfs haar eie man leef in vriendskap met Jabin—'n egte renegaat!

Nou het God die leër van Sisera voor Israel uit verslaan. Slegs een man kon daarin slaag om aan die slagting te ontkom—Sisera. Daarmee is alles feitlik weer verlore. Nou kan hy weer vir hom 'n leër opbou en Israel van voor af teister.

Op sy vlug kom Sisera vermoeid by die tent van sy vriend, Jael se man, aan. Daar wil hy gasvriendskap geniet en uitrus voordat hy verder na Jabin vlug. Jael dink anders as haar man oor hom: vir haar is hy geen vriend nie, maar 'n vyand van haar volk en van God, wat besig is om te ontglip.

Sy is die laaste persoon wat hom kan bykom voordat hy ontglip; sy, 'n magtelose vrou na die leër van Israel gefaal het, en haar eie man oorgestap het na die vyand. Sy is verplig om aan Sisera beskerming te verleen op grond van die gasreg wat heilig is in die Ooste.

Wat nou gedoen? Sy **moet** onmiddellik handel!

### HANTERING

Terwyl hy, vertrouend op haar, hulpeloos lê en slaap, dood sy hom op grillerige wyse:

„Haar hand steek sy uit na die tentpen, en haar regterhand na die werksman se hamer; en sy hamer Sisera, verpletter sy kop en verbrysel en deurboor die slaap van sy hoof."

Hoe moet ons haar hantering van die situasie beoordeel? Ons kan dit nouliks anders bestempel as grieselige verraad. Tog is **Jael 'n heldin.**

### HELDIN

Rig. 5 : 24 sê van haar: „Mag bo die vroue geseënd wees Jael . . ."

Dit kan gewis nie gesê word op grond van die wyse waarop sy haar woord aan Sisera gestand gedoen het nie.

Dit kan gewis gesê word op grond daarvan dat sy haar vertroue blindelings op God gestel het, en gedoen het wat haar hand gevind het om te doen ter wille van die eer van Sy naam.

Hy is dié groot Held wat deur die geskiedenis trek en goed en kwaad inspan om Sy raadsplan ten uitvoer te bring. Wie op Hom vertrou sal tot in ewigheid nie wankel nie. **Dit is heldemoed: Om selfs in verwarrende tye op Hom te vertrou in al wat jy doen.**

Ook ons kan in die verwarrende tye waarin ons leef, nie naastenby die konsekwensies van ons dade peil nie. Tog moet ons doen. In ons dade self kan daar geen vêrsiende heroïsme skuil nie; slegs heroïsme in die sin waarin Jael dit aan die dag gelê het: **Deur in die geloof te doen.**

Sulke heldemoed word van u vereis. Kan u dit van al u dade sê?

JOHAN COETZEE.

# Nusas Maak Stem Dik

Mnr. John Shingler, tot twee jaar gelede toe nog President van Nusas, het in die Augustusuitgawe van The Student, amptelike orgaan van Cosec, heelwat kwytgeraak oor Republiekwording van Suid-Afrika.

Hy verklaar dat sowat sewentien persent van die totale bevolking van die land ten gunste van die Republiek besluit het—minder as die helfte van die blanke bevolking.

### ARRESTEER

Voor Republiekwording het polisie-vangwaens, Saracens en helikopters die nie-blanke woonbuurtes gepatroleer en alle persone wat enigsins blyke van opstandigheid getoon het, summier gearresteer.

Mnr. Shingler verklaar voorts dat Nusas geweier het om aan die Republikeinse feesvierings deel te neem, hoewel die A.S.B., wat alle vorme van apartheid—veral op onderwysgebied—onderskryf, heelhartig aan die feesvieringe deelgeneem het.

### KONVENSIE

Nusas het gevra om 'n Nasionale Konvensie, verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaners, geskoei op die lees van die Deklarasie van die menseregte van die V.V.O.

Die regering het egter 'n verbod op alle vergaderings geplaas en 'n noodtoestand afgekondig, aldus mnr. Shingler. Sodoende het Verwoerd nader gekom aan sy polisiestaat waarop hy sy oog reeds so lank gerig het.

### FORT HARE

Die sluiting van Fort Hare (volgens mnr. Shingler: omdat die studente hul misnoë met apartheid te kenne wou gee) is bewys van 'n erkenning dat die hele „tribal college system"—'n projeksie van Afrikaner nasionalisme—misluk het.

Mnr. Shingler verklaar voorts dat die teenkanting teen apartheid en ander onderdrukkende maatreëls steeds toeneem. Nusas en sy affiliante sal steeds hulle stemme hierin dik maak.

### GELEERDES

In 'n ander artikel in dieselfde uitgawe van The Student is die president van die Nasionale Unies van studente van die Verenigde Koninkryk, J. G. Morgan, baie begaan oor die „groot stroom akademici en geleerdes" wat S.A. verlaat.

Hy noem die name van proff. L. M. Thompson (U.K.), D V. Cowen (U.K.), Arthur Keppel-Jones (Natal) en G. Durant (Natal).

Hy doen dan ook 'n beroep op universiteite en nasionale unies om werkgeleenthede vir hierdie geleerdes te skep sodat hulle juiste inligting oor die situasie in Suid-Afrika kan verstrek.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.




**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**



Grant 345/5877-2A

# Aan die Studentefront

### MOTORS 'N EUWEL?

Volgens ds. Kobus Potgieter, studentepredikant van Pretoria, is motors die grootste sweer wat daar vandag op die kampusse van Suid-Afrika se universiteite bestaan. Voordat daar motors was en almal fiets gery het, was die studentelewe om die universiteite self gekonsentreer. Vandat motors hul verskyning op die kampusse gemaak het, word die studente weggelei van die universiteit, met die gevolg dat die georganiseerde studentelewe daaronder ly.—(Irawa.)

### U.P. V.S.R.-VERKIESINGS

Op die Studenteraadsverkiesings van Tukkies is daar 'n stempersentasie van 38% uitgebring wat hoër is as verlede jaar. Die V.S.R.-voorsitter vir 1961/62 is mnr. Klaus Schultz. Dit is sy derde termyn op die V.S.R.—(Perdeby.)

### AKADEMIESE VRYHEIDSFONDS

By die kongres van NUSAS gedurende Julie, is daar besluit om 'n fonds te stig met die oog op die bereiking van akademiese vryheid. Na donasies van verskeie Akademiese Vryheidsbeweginge staan die fonds nou op R30.00.—(Varsity.)

### NET EEN INTERVARSITY

Na die verslae van die verskillende universiteite se intervarsities gelees is, kom Die Matie tot die besef „dat daar maar één Intervarsity is, en dit is wanneer die Ikeys en die Maties aanmekaar spring!"—(Varsity.)

### U.O.V.S.

Met die Studenteraadsverkiesings in Kovsieland, is mnr. Daan van Vuuren gekies tot Studenteraadsvoorsitter vir 1962. Mnr. Van Vuuren is tans besig met 'n Honneursgraad in Staatsleer.

★ ★

satisfaksie
na die aksie




DIE GEROOSTERDE SIGARET IN DIE SWAAI-TOP DOSIE
ONGEKURK EN FILTER

★ ★

## REDAKSIE 1962

Die redaksie van Die Wapad vir die termyn 1961/62 is as volg saamgestel:

Hoofredakteur: J. D. Roode.

Subredakteur: L. Croeser.

Nuusredakteur: M. Aucamp.

Verslaggewers: A. Badenhorst, J. Bradley, F. Laubscher, Kristie Jordaan, Heinie de Wet.

Sportredakteur: A. Richards.

Verslaggewers: Mej. Bets Coetzee, J. Ackerman, H. van der Merwe, F. du Plessis.

Variaredakteur: J. F. Serfontein.
Verslaggewers: Mej. Susan Uys, G. Scholtemeyer.

Kunsredakteur: Dux van der Walt.
Sekretaresse: Mej. Francoise Coetzee.

# A.B.K.K. en S.S.B. Verkry Groter Mag

DIE PLIGTE VAN DIE Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur en die Sentrale Sportbestuur is uitgebrei en albei liggame beskik tans oor groter seggenskap in eie kring.

Die Studenteraad maak aan die begin van elke termyn slegs 'n globale verdeling van die finansies. Begrotings van die onderliggame en klubs word dan deur die A.B.K.K. en S.S.B. onderskeidelik behandel waarna die finale begrotings aan die Studenteraad voorgelê word.

**GEREËLD**

Ten einde beter koördinering tussen die genoemde hoofliggame en hul onderskeie onderliggame te verkry, sal vergaderings op gereëlde tye gehou word. Sake wat in die verlede op die tafel van die Studenteraad verskyn het en maklik deur die twee hoofliggame self afgehandel kon word, sal op hierdie gereëlde vergaderings te berde gebing word.

Die A.B.K.K. bestaan voortaan uit 16 lede. Aan die vyf onderliggame word in plaas van twee, drie verteenwoordigers toegestaan. 'n Beter werksverdeling behoort hierdeur in die hand gewerk te word.



*MNR. P. A. VENTER, voorsitter van die A.B.K.K.*

Verskeidenheidskonserte uit eie kring, soortgelyk aan die Kunsfeeskonsert wat vanjaar aangebied is, sal in die loop van 1962 aangebied word.

**KUNSWEEK**

Die moontlikheid van 'n kunsweek aan die begin van die tweede semester word deur die A.B.K.K. oorweeg. Erkende kunstenaars sal genader word om op te tree. Die grootsheid van so 'n onderneming sal dien om ons eie talent te ontwikkel en aan te spoor.

Die programme van die toerende liggame, Thalia en Alabama, kan ook by hierdie geleentheid aangebied word.

Soortgelyk aan die uitstalling van „Lewensvreugde" wat onder die beskerming van die A.B.K.K. plaasgevind het, beplan die bestuur om kunsuitstallings vir 1962 te reël.

# Studenteraad Wys Nuwe Komitees aan vir 1962

DIE VOLGENDE komitees van die Studenteraad is vir 1962 benoem:

***Geselligheidskomitee:***
Voorsitter: Andries Coetzer.
O/voorsitter: D. D. Malan.
Sekretaris: N. P. Heystek.
Penningmeester: Johan van der Schyff.
Add. lede: Mejj. Ina Venter, Sannie van der Walt, Kristie Jordaan, Anita van der Merwe; mnre. Kobie van der Walt, Fanie du Plessis, Jan Bradley.

***Margaretha van der Watt-diskoteekkomitee:***
P. J. J. S. Potgieter (konvenor).
Mej. Ina Engelbrecht.
L. A. van Wyk.

***Vreugdedagkomitee:***
Voorsitter: Louw van Wyk.
O/voorsitter: Antonie Richards.
Sekretaris: Roelf du Plessis.
Penningmeester: Johan Aucamp.
Organiseerder: Louis Taljaard.
Add. lede: Ina Venter, Anita Kleynhans, Etta Spoelstra, Gerrit Coetzee.
Lid vir Vervoer: Piet Bingle.

***Die Pukkie:***
Hoofredakteur: Leon Croeser.
Subredakteur: Frank Swanepoel.
Tegniese redakteur: Anton Fourie.
Sekretaresse: Heinie de Wet.
Sirkulasiebestuurder: Andries Coetzer.
Penningmeester: Louw van Wyk (B.Comm.).
Advertensiebestuurder: Percy Macaskill.
Redaksielede: Mejj. Desireé Joubert, Bets Coetzee, Susan Kruger, Liria Jacobs.

## Meer Eerstejaars

*Nieteenstaande die feit dat alle skoliere na matriek vir vredestydse opleiding opgeroep word, word verwag dat aanstaande jaar meer eerstejaars sal inskryf aan die P.U. vir C.H.O. as in 1961.*

*Daar is verklaar dat daar reeds 60 matrikulante hulle plekke hier moes kanselleer omdat hulle vir verpligte militêre diensplig opgeroep is.*

## P.A.S.V. Bedrywig

Die nuwe bestuur van die P.A.S.V. wat op 29 September gekies is, sien daar as volg uit:

Voorsitter: D. McDonald.
O/voorsitter: A. Dreyer.
Penningmeester: J. L. Swarts.
Sekretaresse: Mej. M. S. Oosthuysen.
Hulp-sekretaresse: Mej. E. Strydom.
Add. lid: L. Ortlepp.
Eerstejaarsverteenwoordiger: L. Kusner.

In sy jaarverslag het die uittredende voorsitter, mnr. J. Offermeier, gewag gemaak van die suksesvolle jaar wat die Vereniging belewe het. Suksesvolle funksies is gereël en is bekroon deur o.a. die verkryging van eerste pryse met Vreugdedag, terwyl 'n baie genotvolle rugbywedstryd teen die Johannesburgse Aptekerstudente gespeel is.

Op Inter-universitêre terrein het die P.A.S.V. ook sy stem dik gemaak en die president, sekretaris, penningmeester en Direkteur van Inligting van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudente Federasie was dan ook almal afkomstig uit die geledere van die P.A.S.V.

## Krans op Totius se Graf

Kranse is op Heldedag, 10 Oktober, deur alle A.S.B.-sentra op die grafte van helde van ons volk gelê.

Mnr. Roelf du Plessis, organiseerder van die plaaslike A.S.B., het 'n krans gelê op die graf van prof. J. D. (Totius) du Toit.

Die plegtigheid is bygewoon deur bestuurslede van die A.S.B.-tak.

In Stellenbosch is 'n krans gelê op die graf van dr. D. F. Malan.

## Nuwe Penningmeester van S.R.

Op 'n spesiale massavergadering wat gehou is op 11 Oktober 1961, is mnr. P. E. (Paul) Buys verkies as penningmeester van die Studenteraad vir 1962.

Die vakature het ontstaan deurdat mnr. N. J. Swart bedank het as penningmeester. Mnr. Swart is aangestel as voltydse administratiewe beampte van die Studenteraad.

Paul is gebore op 16 Desember 1938 op Delportshoop waar hy in 1956 sy matrikulasie-eksamen geslaag het. In 1958 skryf hy aan die P.U. vir C.H.O. in vir die B.-Comm-graad.

Die keuse van mnr. Buys word allerweë beskou as 'n waardige opvolger vir Nic Swart te wees.

Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE

OPEN 'N REKENING BY

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes

KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

# DIE JAAR 1961 IN OORSIG

FOTOBEELD



*Die redaksie van Die Pukkie het vanjaar 'n waagstuk aangegaan deur 20,000 Pukkies te laat druk. Hiervan is bykans 18,000 verkoop sodat die totale wins op R2,000 te staan gekom het. Tydens gradedag is aan dr. H. F. Verwoerd 'n komplimentêre Pukkie oorhandig deur een van die redaksielede, mej. Erina van der Walt.*

## Sentrale Komitee Sal Pukkie en Vreugdedag Saamsnoer

DIE uitstekende resultate wat vanjaar met Vreugdedag en Die Pukkie behaal is, het onregstreeks verseker dat die Vreugdedagaksies in die toekoms beter gekoördineerd en vlotter sal verloop.

Die belange van Vreugdedag en Die Pukkie word nou saamgesnoer in die Sentrale Vreugdedagkomitee.

Hoewel die Pukkie bekend staan as die amptelike Vreugdedagorgaan van die Universiteit en die doel dien om die fondse van die Vreugdedagkomitee te styf, het dit in die verlede in die praktyk anders daaraan toegegaan.

Die mislukking van een gesamentlike Vreugdedagaksie het nie alleen finansiëel nie ten goede gestrek nie, maar het ook gelei tot 'n ongesonde verhouding tussen die Vreugdedagkomitee en Die Pukkie.

Hoofsaaklik moet hierdie toestand daaraan toegeskryf word dat die Vreugdedagkomitee nie gewillig was tot groter samewerking met Die Pukkie nie, juis as gevolg van lg. se nie-winsgewende bestuur van sake nie.

In die lig van die uitstekende finansiële sukses wat Die Pukkie egter vanjaar behaal het, is die deure nou oopgestoot tot beter koördinering van belange wat alleen kan strek tot die voordeel van die Vreugdedagaksie as geheel.

Die voorsitter van die Sentrale Vreugdedagkomitee word aan die begin van elke termyn deur die Studenteraad aangewys, waarna die voorsitter van die Vreugdedagkomitee en die hoofredakteur van Die Pukkie deur hom by die Studenteraad aanbeveel word. Laasgenoemdes stel dan onderskeidelik hul komitee en redaksie saam.

Die voorsitter van die V.D.K. en die hoofredakteur van Die Pukkie plus twee afgevaardigdes uit beide die V.D.K. en die redaksie van Die Pukkie neem dan ook sitting op die Sentrale Vreugdedagkomitee.

Onder neutrale voorsitterskap kan die belange van die Vreugdedagkomitee en Die Pukkie dan saamgesnoer word terwyl sake van organisatoriese aard wat buite die kring van bg. val, deur die S.V.K. onderneem kan word.

● Met hierdie verandering beloof die Vreugdedagaksie van 1962 'n skitterende sukses te wees.

## MOZART-JEUGWERK AANGEBIED

DIE AANBIEDING van die sangspel „Bastian en Bastianna" van W. A. Mozart en 'n program van opera-arias deur die Konservatorium op 4 Oktober in die Totius-gedenksaal, het groot byval gevind.

Die eerste helfte van die program het bestaan uit elf arias wat vertolk is deur Sadie Klue-Mulder en Sarie Serfontein-Theron, soprane. Hulle is onderskeidelik begelei deur Pieter de Villiers en Jeanette Oosthuizen. Die vertolkings was deurgaans goed en veral die Debussy- en Mascagni-arias deur Sadie Klue-Mulder het groot applous uitgelok.

Na die pouse is „Bastian en Bastianna", die sangspel van W. A. Mozart, aangebied onder die bekwame regie van Jossie Boshoff, bekende Suid-Afrikaanse sangeres. Die teks is met fyn aanvoeling vertaal deur Cato en Hennie Coetzee.

### BEKOORLIK

Bastian en Bastianna is eintlik 'n Duitse „Singspell" omdat dialoog daarin voorkom. Dit is gekomponeer toe Mozart twaalf jaar oud was. Die teks is oorgeneem van Rousseau-Favart se „Devin du Village". Soos die teks is die musiek eenvoudig maar bekoorlik, kenmerkend van al die Mozart-jeugwerke. Die begeleiding is op uitstekende wyse waargeneem deur Pieter de Villiers.

Hildegard Endemann se vertolking van die Bastianrol was uitstekend. Mej. Endemann het 'n besondere goeie stem en openbaar ook dramatiese talent.

Erica Craig en Bennie Bierman se vertolkings as Bastianna en Colas onderskeidelik was goed en oortuigend.



*Rolle word ingestudeer vir die aanbieding van „Bastian en Bastianna". V.l.n.r. verskyn: Erica Craig (Bastianna), Jossie Boshoff (regisseuse), Ben Bierman (Calas) en Hildegard Endeman (Bastian).* —*(Fotokuns)*

## Genotvolle Program Deur Alabama

Die Alabama Studenteorkes se optrede op 6 Oktober in die kafeteria het aan almal wat dit bygewoon het, 'n genotvolle program van gewilde ligte musieknommertjies gebied. Die orkes was soos gewoonlik op sy stukke en Okkie Kruger het vir die sangitems gesorg.

Hierdie „kafeteria optrede" van die Alabama was 'n voorwaartse stap, want die doel van hierdie programme is om die studente wat buite die Alabama staan in die programme te betrek en ook persone wat talent in hierdie rigting het aan te moedig om na vore te kom daarmee.

### VOORPROGRAM

Gedurende die afgelope drie weke was die Alabama ook verantwoordelik vir die voorprogramme tot die opvoerings van die voorgeskrewe drama van die Matrikulante wat die Afrikaanse Skakelkomitee by die Volkskool, Gimnasium en Carletonville Hoërskole aangebied het.

Die programme het orals groot byval geniet en dit was opmerklik dat die Alabama verhoogkunstenaars van aanbieding tot aanbieding verskil het.

● Op hierdie stadium sal dit sekerlik deur een en almal waardeer word as die orkes meer geleenthede in die kafeteria kan optree. Afleiding is soms ook nodig!

ALABAMA





THALIA

—(Fotokuns)

*Geslaagde toere, waartydens uitmuntende vertonings gelewer is, is vanjaar gedurende die Julievakansie deur beide Thalia en Alabama gelewer.*

## THALIA BETREE NUWE RIGTING

DEUR DIE AANBIEDING van „The Rose and Crown" en „The Proposal" op Saterdagaand, 30 September het die Thalia-Toneelvereniging onder leiding van Dux van der Walt die deure oopgestoot vir 'n nuwe rigting in die toneelkuns aan die P.U.

Geskiedenis is ook gemaak deurdat studente van die P.O.K. uitgenooi is om deel te neem aan die probram. 'n Dramatiese monoloog deur Lucille Twyman het die regte atmosfeer geskep vir die inter-kollege wennende „The Rose and Crown" van J. B. Priestley.

Na pouse is die gehoor dadelik in 'n ligte stemming gebring deur die komiese voordrag van Kristie Jordaan. Hierby het „The Proposal" van Anton Chekov glad ingeskakel. Die regie van die Thalia-groep is waargeneem deur dr. R. V. Andrew.

Hoewel die spelers goed daarin geslaag het om die Chekov-atmosfeer uit te beeld, is die spel tot 'n hoë mate benadeel deurdat die spelers nie altyd goed vertroud was met hulle rolle nie.

KUNS



*Mnr. J. S. du Plooy, voorsitter van die Studenteraad vir 1962 aan die woord tydens die jaarlikse Studenteraadsdinee op 23 September 1961.*
—(Fotokuns)

# Moontlikheid van Fotoklub

Op die eerste vergadering van die A.B.K.K. het die bestuur o.a. samesprekings gevoer om die liggaam te vergroot. Die moontlikheid van 'n Fotoklub is in hierdie verband genoem.

Die A.B.K.K. het verder ook besluit om volgende jaar weer eens 'n kunsuitstalling te reël, soortgelyk aan dié wat vanjaar gehou is.





*Vanjaar het die Pukke vir die eerste keer in vyf jaar daarin geslaag om die Kovsies met Intervarsity te oorrompel. Die eindtelling in die hoofwedstryd was 11-0 in die P.U. se guns. Op bostaande foto is Hans van Zyl, die hoofdirigent, besig om die groot skare tot raserny op te sweep.*
*—(Fotokuns)*



*Die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrkia, mnr. C. R. Swart, spreek 'n geesdriftige gehoor toe by die Potchefstroomse stasie. Op sy terugreis na Kaapstad ná die inhuldigingsplegtigheid in Pretoria, was Potchefstroom eerste om 'n gulde ontvangs aan die President te bied.*
—(Fotokuns)



*Die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, ontvang 'n eredoktorsgraad in die Regte tydens die gradeplegtigheid op 29 April.* *—(Fotokuns)*

# Tweede Lustrum Gevier

Die P.U. vir C.H.O. het vanjaar die tweede lustrum van sy selfstandigwording gevier.

Die fotobeeld op hierdie bladsye bied enkele hoogtepunte van die jaar se gebeure.

In die afgelope tien jaar het die P.U. fenomenale groei op alle gebiede beleef. Die wesentlike verandering van die campus dien as sprekende bewys.

Die terrein van die studentelewe word steeds meer gespesialiseerd en bied volle geleentheid vir elke student om hom met sukses te bekwaam vir die lewe. Die jaar 1961 sal bekend staan as die jaar van selfwerksaamheid.

Aan dié van u wat die universiteit vaarwel toeroep, ons beste wense vergesel u.

* * *

Proff. D. van Rooy, A. P. Goossens en L. J. du Plessis sal aan die einde van die jaar die tuig neerlê.

Proff. Van Rooy en Goossens tree as departementshoofde uit maar sal aanstaande jaar nog as emeritusprofessore lesings waarneem.

**Die redaksie maak verskoning vir die feit dat die rubriek van Oom Lokomotief weens gebrek aan ruimte nie geplaas kan word nie.**



*Groot welslae is behaal met die Vreugdedagvierings van 1961. Die rekordbedrag van R3600 is ingesamel. Die prys vir die lagwekkendste groep is weggedra deur „Ampie en sy mense".*



*Tydens 'n programaand deur die S.S.B. aangebied, het Avril Malan en Johan Claassen as gassprekers opgetree. By 'n onthaal in die kafeteria verskyn in die gewone volgorde: Mnr. P. Bosman, Mev. Malan, Avril Malan, Mnr. M. Ç. Serfontein, Johan Claassen, Piet Bosman en mnr. S. J. du Toit.*

# P.U.-Krieketklub hou Groot Belofte in vir 1962 Seisoen

**DIE 1961/2 SEISOEN het gunstig begin vir die P.U. Krieketklub. 'n Groot aantal nuwe lede het aangesluit met die gevolg dat vir die eerste keer in die geskiedenis ook 'n tweede-span in die veld gestoot kan word.**

Die eerste span het sover aan drie vriendskaplike wedteen P.O.K. wat die Puk met een paaltjie gewen het. Teen stryde deelgeneem en al drie gewen. Die eerste hiervan was Vierfontein was die span mooi op dreef en het 'n klinkende oorwinning met vyf paaltjies behaal, terwyl ook met die span van Potchefstroom-Drop afgereken is.

'n Paar spelers het alreeds bewys dat hulle hul sout werd is en dat groot dinge hierdie seisoen van hulle verwag kan word. Teen die P.O.K. het Antonie Richards met sy medium-vinnige boulwerk ses paaltjies laat kantel vir slegs 27 lopies. In dieselfde wedstryd het Jona Viljoen 20 en Gerhard Scholtemeier 31 met die kolf aangeteken.

**VERWOESTING**

Teen Vierfontein was dit weer eens Richards wat verwoesting onder die kolewrs gesaai het deur vyf paaltjies vir 17 lopies in te oes. In hierdie wedstryd het Van Niekerk ook goeie diens vir die Puk gelewer deur 27 n.u.n. aan te teken.

In die wedstryd teen Potch. Dorp het die draaibalboulers hoogty gevier. Willie Froneman het vier paaltjies laat kantel vir 13 lopies en Vorster drie vir 18. H. Bouwer het 28 en Fanie du Plessis 89 lopies aangeteken.

Die tweedespan het al twee wedstryde gespeel maar kon nog nie 'n oorwinning behaal nie.

**BEURT-OORWINNING**

Die eerste ligawedstryd van die seisoen teen Strathvaal is op skitterende wyse deur die Puk gewen met 'n beurt en twaalf lopies. In die eerste beurt kon Strathvaal slegs 134 lopies op die telbord plaas teenoor die 256 van die Pukke. Met 'n tweedebeurttelling van 11 almal uit, moes Strathvaal die oorwinning aan die P.U. afstaan.

Die suksesvolste bouler in die Pukspan was Gerhard Scholtemeier wat 'n boulontleding van tien paaltjies vir 77 lopies gehad het. J Vorster (47), Andries de Wet (64) en Fanie du Plessis (71 n.u.n.) het gesorg vir die stewige eerstebeurttelling.

● Met hierdie uitstekende begin, behoort die eerste span goed te vaar op die Inter-Universitêre krieket-toernooi wat van 5 Desember in Pretoria sal plaasvind.

# VEERTIEN PUKKE IN W.-TVL.-SPAN

VEERTIEN PUKKE was ingesluit in die Wes-Transvaalse atletiekspan wat op Saterdag, 14 Oktober teen Natal en die Vrystaat meegeding het.

Teleurstellend was die feit dat baie van die atlete, waaronder Jurg van der Walt en Hentie Joubert, nie deelgeneem het nie.

**UITBLINKER**

In die skyfwerp vir dames het Alta de Kock 'n eerste plek behaal.



*ALTA DE KOCK*

'n Verdere uitblinker in die Pukgeledere was Kotie de Jager wat in die 440-treë die beste tyd van sy loopbaan behaal het toe hy tweede geëindig het na Dodger Gourley van Natal het 'n tyd van 48.9 sek. Die wentyd was 47.8 sek.

Tweede plekke is verower deur J. Hattingh (gewigstoot), L. Ortlepp (spiesgooi), P. Botha (220-treë hekkies), en J. de Jager (440-treë), terwyl J. van Niekerk (paalspring), J. Hattingh (skyfwerp) en G. Bester (spiesgooi en skyfwerp) derde plekke behaal het.

## S.A.-Gimnastiekkampioenskappe



*Vyf Pukke wat Noord-Transvaalse kleure verwerf het. V.l.n.r.: Jakes van Niekerk, Marl Rautenbach, Winnie Bekker, Gouws Oberholzer en Gerda Bester*

—(Fotokuns)

VIER PUKKE het op 7 Oktober aan die Suid-Afrikaanse Gimnastiekkampioenskappe in Johannesburg deelgeneem as lede van die Noord-Transvaalse span.

Gouws Oberholzer, kaptein van die P.U. Gimnastiekklub, wat ook gekies was as lid van die span, kon weens 'n besering nie deelgeneem het nie.

**KAMPIOENE**

In die damesafdeling, waar die standaard baie hoog was, het Gerda Bester daarin geslaag om Winnie Bekker, die huidige N.Tvl.-kampioene, te klop. Mej. Bester is 'n lektrise in die Departement Liggaamlike Opvoeding van die P.U.

Jakes van Niekerk het in die tweede graad afdeling derde geëindig.

# Tukkies Buit Dalrymple Dyason-skild Na P.U.

DIE ATLETIEKSPAN van die Universiteit van Pretoria het die nuwe seisoen op Saterdag, 23 September op Potchefstroom op 'n hoë noot begin toe hulle na 31 jaar weer daarin geslaag het om die Dalrymple-beker op die atletiekkampioenskappe van die Suid-Afrikaanse Universiteite te buit. Tuks het maklik gewen en Wits, wat tweede was, met 20 punte geklop.

Die P.U.-dames het egter gesorg in 'n ewe groot verrassing toe hulle die Roger Dyason-skild met 'n naelskraap oorwinning oor Stellenbosch gebuit het.

**NUWE REKORDS**

Vic Essakow, voormalige S.A. spiesgooikampioen, het na 'n lang afwesigheid weer deelgeneem en met 'n afstand van 207 voet ½ duim vir 'n nuwe S.A.U. en Wes-Transvaalse rekord gesorg.

Johan Rossouw (Stellenbosch) het in die hoë hekkies pragtig geloop en Danie Burger se Universiteitsrekord van 14.5 sek. geëwenaar. As gevolg van die sterk wind sal dit nie erken word nie.

Nog 'n Kapenaar wat uitgeblink het, is Roy Miller, van Ikeys, wat die 880-treë met 'n tyd van 1 min. g6.5 sek. gewen het.

Jurg van der Walt het op sy beurt die Pukke se harte vinnig laat klop toe hy die myl in die goeie tyd van 4 min. 29.6 sek. gewen het. Dit is nie sy beste tyd nie, maar baie kan hierdie seisoen van hom verwag word. Nog 'n Puk wat vir 'n goeie vertoning gesorg het, was Hentie Joubert, wat die 440-treë gewen het in 49.3 sek.

**RINA BIERMAN**

Die bekende Springbok hokkiespeelster, Rina Bierman, het byna op eie houtjie die Roger Dyasonskild vir Potchefstroom gewen. Sy het vir 18 van haar span se 30 punte gesorg.

Aan die einde van die byeenkoms was die puntestand dan soos volg:

Dalrymple-beker: Pretoria 50, Wits 30, Maties 22, U.O.V.S. 19, Natal 18, Potchefstroom 17, Ikeys 14 en Rhodes 5.

Roger Dyason-skild: Potchefstroom 30, Maties 26, Tukkies 14, U.O.V.S. 11 en Rhodes 3.

# Aptekers Ruk Reg

Na die nederlaag wat die Aptekers teen die Tokkelokke gely het, het die P.A.S.V. mooi reggeruk en hul kollegas van die Johannesburgse Tegniese Kollege met 14—3 die loef afgesteek.

Die tuiste van die wisseltrofee waarom meegeding is, beloof om nog vir jare die P.U. te wees.

Drieë is aangeteken deur Kobus Barnard, Schalk Meintjies en Koos Stals, terwyl Lionel Phillips met 'n straf- en vervyfskop geslaag het. Johannesburg se enigste punte het gekom van 'n strafskop.

**SWEM:**

# Drie Rekords Verbeter

In die swemgala tussen die Pukke en leerlinge van die Boys' en Girls' High skole het die Pukke, alhoewel hulle nie die paal gehaal het nie, tog hulle man gestaan en sommige Pukke het stewige vertonings gelewer.

**REKORDS**

Drie rekords is geslaan deur Pukke, waarvan Rupert de Kock verantwoordelik was vir twee. Hy het Daly se rekord van 1957 oor die 100 treë kruipslag verbeter van 64.4 sek. na 63.4 sek., terwyl hy in die vlinderslag oor 33 treë die rekord 21.9 sek. na 20.5 sek. verminder het.

Herman Louw verdien ook spesiale lof deurdat, alhoewel hy nie een keer geoefen het nie en hy net van 'n siekbed opgestaan het, hy tog daarin geslaag het om sy eie rekord in die borsslag oor 66 treë te verbeter van 48.2 na 47.8 sek.

In die damesafdeling het Linda Strydom haar man goed gestaan, en alhoewel sy verplig was om aan byna al die items deel te neem a.g.v. 'n tekort aan dames, het sy tog eerste plek behaal in die 100 tree borsslag met die goeie tyd van 1 min. 25.9 sek.

Die finale puntestand van die spanne was soos volg: Boys' High en Girls' gesamentlik: 102; P.U. 56.

# Sporttoernooie gedurende Desember

ALTESAAM SES SPANNE van die Puk se sportklubs gaan aan die einde van die jaar aan toernooie op ander universiteite deelneem.

Die krietketspan, wat vanjaar besonder belowend vertoon, gaan deelneem aan die Inter-universitêre kriekettoernooi van vanjaar vanaf 5 tot 9 Desember in Pretoria plaasvind. Krieket van hoogstaande gehalte word verwag. Die Pukspan sal hulleself op hierdie toernooi deeglik laat geld.

**STELLENBOSCH**

Stellenbosch bied vanjaar ook verskeie toernooie aan. Vanaf 27 November tot 2 Desember vind o.a. die tennis-, tafeltennis-, bofbal- en swemtoernooi aldaar plaas.

Die P.U. Tennisklub sal deur twee spanne, 'n mans- en 'n damespan, verteenwoordig word en die moontlikheid bestaan dat die spelers saam met die bofbalspelers, wat ook aan die toernooie deelneem, met die bus van die Studenteraad na Stellenbosch sal reis.

**TEENSTAND**

Kwaai teenstand word in die tafeltennis verwag en die deelnemers van die P.U. sal hulle speel moet ken. Slegs een damespan en een mansspan sal in Stellenbosch aan die toernooi deelneem.

Die tafeltennisspan het reëlings getref om per trein te reis maar sal heelwaarskynlik ook met die S.R.-bus reis aangesien daar vir nog sowat twintig persone plek is op die bus. Reiskoste sal hierdeur aansienlik verminder word, veral gesien in die lig dat deelnemers die helfte van die reis- en verblyfkoste moet dra.


**Vir daardie hol gevoel op die maag . . .**

Ons bak die HEERLIKSTE

**Vleispasteitjies**

Turkstra

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 61 Potchefstroom


Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.